SARIE LAMPRECHT

In die vroëe tagtigs, toe ek by Sarie begin les neem het, was sy reeds die guru van die ernstige sangers. Dit was egter nie lank daarna dat sy ook die mentor van die kontemporêre sangers begin word het nie.

Sy was my klankbord, my *confidente*, my leermeester – ons almal se fontein van kennis.

Wat 'n voorreg was dit nie om, in daardie dae aan te klop aan haar voordeur en nog die laaste klanke van die vorige leerling se musiek te hoor nie. Ek was altyd aan die blaas, altyd net op die nippertjie daar voor die les sou begin. En dan…die vlugtige oogkontak en groet met die vorige leerling, die begeleiding na die *inner sanctum* – deur die gesellige sitkamer, oor die gang, waar 'n mens dikwels vir Gillton in die agtergrond by die kombuis rond kon hoor, tot in die musiekkamer, waar die klavier reeds sou oopstaan en waar die son sou instroom vanuit die Parktown tuin met sy terrasse en romantiek.

Voor die les begin – eers die ontlading – hoe het dit die week gegaan; hoe gaan dit met Chris en die kinders – en dan – kom ons begin!

Ek het by Sarie Lamprecht begin les neem toe my loopbaan reeds op dreef was – "Kinders van die Wind" was reeds 'n treffer, die Brel-era en vertonings was reeds agter die rug en ek was volstoom aan die werk saam met Wessel van Wyk, my begeleier van daardie tyd. Ek was egter op soek na nuwe uitdagings en Alta Engelbrecht, 'n gemeenskaplike vriendin, het voorgestel dat ek na Sarie toe gaan vir lesse. Ek het die voorreg gehad om geslyp te word deur wonderlike leermeesters, en dit was op daardie stadium 'n lang tyd sedert ek leiding van iemand gekry het.

Die lekkerste lesse was wanneer ek aan 'n verhoogproduksie of album gewerk het. Vir my was die uur wat ons tot ons beskikking gehad het, net nooit lank genoeg nie. Daar sou soveel detail wees waaraan Sarie nog wou aandag gee en daar sou soveel wees wat ek nog wou leer.

Wat Sarie vir my beteken het, is onmeetbaar. Die mate van "sukses" wat ek sedertdien geniet het en die plesier wat ek daarin gehad het, is grotendeels te danke aan haar insette en die deure en vensters wat sy vir my oopgemaak het om te kan sien waarna ek durf streef.

Op 'n dag, hier in ons eerste maande saam, het ek haar bekommerd gevra of haar lesse dan nie my stem meer "operaties" sal laat klink nie. "Nee, het sy gesê – die wat luister sal net sê – wat het Laurika gedoen dat haar stem soveel kleur gekry het?"

Vanaf die vroeë negentigs het ek nie meer les geneem by Sarie nie. Ek en Chris en die kinders het reeds in 1989 na Pretoria verhuis en met 'n loopbaan, twee opgeskote jongelinge en 'n huishouding op my hande, het ek moed verloor vir die weeklikse lang pad na Johannesburg toe en terug.

Sarie Lamprecht is vanjaar oorlede.

Ek mis haar so…en daar is nie ‘n vertoning wat ek doen waar ek Sarie se teenwoordigheid en bydrae nie voel nie.

LAURIKA RAUCH

DESEMBER 2005